**MAANDAG 9 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 5:1-13 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 5:3, 7**

## Debora – Die HERE stry vir Israel, maar Israel moet ook stry vir die HERE

Die Rigtertyd word geken as ’n tyd waarin elkeen gedoen het wat hy in sy eie oë goedgevind het. Tog het die HERE telkens rigters gestuur om die volk te bevry. Ja, die HERE het vir sy volk gestry. Die hartseer van hierdie tyd is egter dat die volk telkens weer op ou gewoontes teruggeval het, nog meer, dat hulle selfs nog slegter as hulle voorgangers gehandel het.

Dit is gedurende hierdie tyd wat ons Debora (by) leer ken. Debora, ’n moeder van Israel wat optree omdat die volk leierloos is (vs 7). Ag, hoe ellendig het die volk van die HERE geword. Die manne het hulle roeping nagelaat om op te tree, en nou moet Debora dit tot die beskaming van die manne uitroep ...

Debora se lied is egter nie ’n lofsang van haar emansipasie nie, maar ’n psalm, ’n lied wat God se lof besing. In hoofstuk 4 vind ons die profesie van Debora dat sy Barak laat roep en hom wys op die oorwinning wat die HERE self oor Sisera sal gee, die owerste van koning Jabin. Die HERE self gee die verlossing, maar Hy doen dit deur die hand van sy gewillige diensknegte. Selfs deur ’n huismoeder ...

Deur die diens van Debora sien ons die kragtige werking van die HERE as Barak optree soos die HERE dit gespreek het. Die oorwinning word deur die enige ware Leier, die Koning van die konings, Jesus Christus, behaal. Die HERE stry vir sy volk, maar die volk moet ook vir die HERE stry.

In die tyd waarin ons leef, waar elkeen doen wat hy goed vind in sy eie oë, laat ons huise ook geken word deur gewillige Deboras wat die lof van die HERE besing en die eer van God psalmsing, omdat Hy ons verlos!

*Sing: Psalm 68:1, 9 (1936)*

*Ds. LJE (Lourens) Venter (Kimberley)*